

# St. Wilfred

## 12 Oktober

(634-709)

Wilfred was een van die grootste heiliges van Engeland. Hy is uit 'n ryk familie gebore en het sy opvoeding van die heilige Aidan ontvang. Daarna gaan hy Rome toe vir verdere studies. By sy terugkeer word hy die groot voorstander om Romeinse gebruike in te voer in die plek van die tradisionele Keltiese Christelike gebruike van die Britse eilande. Dit maak van hom 'n omstrede figuur. Hy word aartsbiskop van York in 669 en stig oral nuwe kerke en kloosters. Hy was die vertroueling van konings, maar was nie by almal geliefd nie. Hy was iemand wat baie beginselvas was en nie gehuiwer het om sy gesag en dié van die Universele Kerk te laat geld nie. Telkens is sy lewe bedreig en hy is ook vir 'n ruk lank deur die koning van Northumbria in die gevangenis opgesluit. Hy tree in 703 af as aartsbiskop en gaan woon in sy geliefde abdy van Ripon waar hy sy laaste lewensjare in gebed en boetedoening deurbring.

© Die Oratorium Uitgewery